YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2018

AfriForum Tydskrif




## AFRIKAANS SAL OORLEEF

**Adv. Gerrie Nel**
wil groot kanonne vervolg

**Flip Buys:**
Padkaart vir die toekoms

**Entrepreneurs**
sit tintel in taal

**Jeug**
woeker vir erfenis

**Takke**
bevorder selfstandigheid

ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

## AfriForum bevorder veiligheid



# Jy, AfriForum en Gerrie Nel help om die wiel van geregtigheid te draai

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum
@kalliekriel

'n Jaar gelede het baie mense nog gedink dat dit 'n bykans onmoontlike taak sou wees om die wurggreep wat die staatskapers op die land uitgeoefen het, te verbreek. Toe was oudpresident Jacob Zuma nog stewig in die saal. Die Valke en die SAPD het geen poging aangewend om die Guptas en hul bondgenote se korrupte bedrywighede te ondersoek nie, terwyl mense soos adv. Shaun Abrahams en "adv." Nomgcobo Jiba help toesien het dat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) Zuma en sy bondgenote teen vervolging beskerm.

Te midde van hierdie negatiewe omstandighede het AfriForum met die steun van sy lede besluit om nie op te hou om vir geregtigheid en teen staatskaping te veg nie. Soos wat N.P. van Wyk Louw so treffend in sy gedig *Die beiteltjie* uitbeeld, kan 'n klein geslypte beiteltjie wat doelgerig geslaan word uiteindelik die aarde laat skeur. Met hierdie inspirasie, asook danksy die steun van elkeen van ons duisende lede, het AfriForum adv. Gerrie Nel 'n jaar gelede as hoof van die organisasie se nuutgestigte privaat vervolgingseenheid aangestel.

Soos 'n skerpgemaakte beitel het adv. Nel en sy bekwame span die afgelope jaar doelgerig begin wegkap aan die spreekwoordelike groot rots van korrupsie wat die land lamlê. Soos wat dit 'n vervolger wat sy sout werd is betaam, was daar nie soos sommige kritici dit wou hê 'n groot geknal nie, maar eerder 'n doelgerigte en aanhoudende gebeitel wat sou help meedoen dat daar groot krake in Zuma se korrupsienetwerk sou ontstaan.

Natuurlik is AfriForum se vervolgingseenheid nie die enigste beitel wat meegedoen het dat die Zuma-ryk besig is om vinnig te verkrummel nie. Die media – wat deurlopend gehelp het om korrupsie te onthul – en ander burgerlike organisasies wat teen korrupsie veg was ook beiteltjies wat gehelp het om staatskaping weg te kalwe tot op die punt waar die ANC nie anders kon as om 'n leierskapsverandering te ondergaan nie. Dié leierskapsverandering het Zuma se wurggreep verbreek.

Teen die tyd wat dié rubriek geskryf is, het die wiel van geregtigheid reeds vinniger begin draai. Met die skryf hiervan was daar ten minste drie sake teen Zuma, sy familie en bondgenote wat op die tafel van adv. Shaun Abrahams, nasionale direkteur van openbare vervolging, gelê het waaroor hy moet besluit of hy gaan vervolg al dan nie.

Die eerste is die klag van strafbare manslag teen Zuma se seun Duduzane. Die NVG het in 2015 in die geheim besluit om Zuma Jr. nié te vervolg nie in die saak waar sy nalatigheid tot 'n motorongeluk gelei het en waarin 'n jong vrou, Mekelina Dube, oorlede is. Nadat dit bekend geword het, het adv. Nel 'n proses begin om Zuma Jr. privaat te vervolg. Hierdie stap het direk daartoe gelei dat adv. Abrahams aan die einde van Januarie vanjaar besluit het om die NVG se besluit om nié te vervolg nie, te heroorweeg. Adv. Abrahams is nou in 'n hoek gedryf. Sou adv. Abrahams – of wie ook al hom opvolg indien hy binnekort afgedank word – besluit om te vervolg, is dit 'n oorwinning. Sou adv. Abrahams egter besluit om nié te vervolg nie, staan adv. Nel en sy span gereed om privaat vervolging in te stel.

Dieselfde geld vir die saak teen adv. Nomgcobo Jiba, voormalige waarnemende direkteur van die NVG. AfriForum se privaat vervolgingseenheid het ook in hierdie geval 'n proses begin om haar namens genl.maj. Johan Booysen op aanklagtes van bedrog en meineed te vervolg nadat die NVG versuim het om haar te vervolg. Die hoë hof het intussen beslis dat die besluit om haar nié te vervolg nie, irrasioneel was en het dié besluit tersyde gestel. Adv. Abrahams of sy opvolger moet dus nou weer besluit of adv. Jiba vervolg gaan word, maar dié besluit moet geneem word met die wete dat adv. Nel gereed staan om self te vervolg sou die NVG wéér weier.

In die korrupsiesaak teen oudpres. Zuma het die howe die destydse besluit om hom nié te vervolg nie, tersyde gestel. Ook in hierdie geval moet adv. Abrahams of sy opvolger nou besluit of die NVG Zuma gaan vervolg. Indien nie, is die weg gebaan vir adv. Nel om hom privaat te vervolg.

Wat die Guptas betref het die verkrummeling van Zuma se magsbasis en openbare druk daartoe gelei dat sowel die Valke as die SAPD uiteindelik begin het met optrede teen hierdie staatskapers. AfriForum se privaat vervolgingseenheid het ook sy visier hierop en sal toetree indien nodig.

AfriForum se pogings om toe te sien dat Grace Mugabe haar dag in die hof kry, vorder ook goed. Die hofsaak wat aanhangig gemaak is om die diplomatieke immuniteit wat die Suid-Afrikaanse regering onregmatig aan Mugabe toegestaan het, tersyde te laat stel, word op 8 en 9 Mei in die Noord-Gautengse hoë hof aangehoor.

Benewens dié sake gaan adv. Nel in die komende maande nog verskeie sake aankondig waar met 'n proses vir privaat vervolging begin gaan word.

Natuurlik draai die wiel van geregtigheid nie altyd so vinnig soos wat almal van ons graag sou wou hê nie. Ek is egter dankbaar teenoor elke lid van AfriForum, adv. Nel en sy span, asook AfriForum se personeel wat met volgehoue ondersteuning, toewyding en deursettingsvermoë gehelp het om te sorg dat die wiel van geregtigheid aanhou draai en dat die land 'n ander plek as 'n jaar gelede is wat die stryd teen korrupsie betref.

Die verkiesing van 'n nuwe president in Zuma se plek is 'n positiewe wending. Dit sou egter dwaas wees om te dink dat alle probleme in die land nou opgelos is. Daarom sal AfriForum benewens die voortsetting van die stryd teen korrupsie, ook voortgaan om met die steun van sy 206 000 lede steeds sy beiteltjie te slyp en te volhard om weg te kalwe aan dít wat steeds op verskeie lewensterreine verkeerd loop. Saam is ons sterker en saam gaan ons 'n beter toekoms skep!



Forum 13 - FINAL.indd 8 2018/03/15 13:42